AANKONDIGINGE

10 FEBRUARIE 2019

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 – 12:00
Bankbesonderhede: ABSA – takkode 632005; Rekeningnommer 3010590069

Leraars: Ds. H Burger Ds. C Barnardo Ds. J Morkel
☎ 021 903 1798 021 982 7076 021 903 6654

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818	ngkeike@cybersmart.co.za
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818	info@ngkeike.co.za
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677	koster@ngkeike.co.za
Kleuterkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963	
Kinderkerk	Lize Fölscher	☎ 072 636 4773	
Snr Kategese	Elaine Smith	☎ 084 624 4672	
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h)	

W E L K O M B Y D I E E R E D I E N S !

NUWE INTREKKERS : Baie welkom in die gemeente.

By die deure is nuwe intrekkervorms beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons jou kan kontak.

VANDAG SE PROGRAM

VYFDE SONDAG NA EPIFANIE

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
08:30	Samekoms van kerkraadslede	Koster se kantoor
09:00	**BIDDAG VIR OPVOEDING EN ONDERWYS** **EREDIENS - KINDERDIENS** Deuroffer: Radiokansel Erediensspan 3 – Johan Norma	Ds. Johan Morkel
Geen	Kleuterkerk	Kinders woon erediens in kerk by
Geen	Kinderkerk en jnr kategese	Kinders woon erediens in kerk by
18:00 18:45	Informele aanddiens / Kruiskompas Senior kategese Ouer kategese – Sosiale Media	Ds. Chris Barnardo Kerksaal

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK:
LEERDERS EN LEERKRAGTE

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK:
Jer 17:1-10; Ps 1; 1 Kor 15:12-20; Luk 6:17-26

MAANDAG, 11 FEBRUARIE
19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 12 FEBRUARIE
09:30 Senior Burger Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 18:00 Dinsdag Mannegroep – Bybelstudie byeenkoms in konsistorie 19:00 Jeug – kommissie vergadering in konsistorie 19:00 Kooroefening in kerk – nuwe stemme benodig – sien blokkie elders
WOENSDAG, 13 FEBRUARIE
09:30 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 09:30 Othello Bybelstudie – byeenkoms in kroeg by Desdemona 19:00 Kommumikasie – kommissie vergadering in konsistorie 19:00 Vrouelidmate – kommissie vergadering in Moederskamer
DONDERDAG, 14 FEBRUARIE
09:30 Diensgroep vir Seniors – byeenkoms by Moedergemeente – Valentynsdag - fliek 19:00 Gemeentebediening en Blokleiers – kommissie vergadering in Moederskamer 19:00 Alpha – in kerksaal Sopkombuis: Dienie du Plooy, Louis van Eeden, Hanlie vd Westhuizen, Elmare Burger, Estelle Snyman, Doreen Viola
VRYDAG, 15 FEBRUARIE
09:30 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – almal welkom
SATERDAG, 16 FEBRUARIE
16:00 Boeresport en gemeentebraai – sien blokkie elders
SONDAG, 17 FEBRUARIE
SESDE SONDAG NA EPIFANIE 09:00 Oggenddiens Deuroffer: Gemeentehulpfonds Geen Kleuterkerk, Kinderkerk en Jnr kategese – Afnaweek Erediensspan 1 – Chris van Niekerk Geen Aanddiens en Snr kategese - Afnaweek

VANDAG SE DEUROFFER

RADIOKANSEL (RADIO KAAPSE KANSEL)

Radiokansel en Radio Kaapse Kansel is ’n onafhanklike, transkerklike en transkulturele Christelike multimedia organisasie met die Goddelike opdrag om die evangelie van Jesus Christus hoofsaaklik aan alle Suid-Afrikaners te verkondig by wyse van hoë kwaliteit radio- en televisieprogramme, publikasies, die elektroniese media en uitreikaksies, met die doel om ongelowiges vir Christus te wen en gelowiges in hul Christelike geloof op te bou. Radiokansel kan ook op DSTV Audiokanaal 882 geluister word asook op www.radiokansel.co.za, www.kaapsekansel.co.za en www.capepulpit.co.za

Kontakbesonderhede: 021-917-7000
kaap@radiokansel.co.za
www.radiokansel.co.za

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

10/02 Johan Kotzé, Melissa Papenfus, Dupré Verster
11/02 Elsabe Olivier, Ruan Eksteen, Susan Langridge, Charl de Villiers
12/02 Rena Conradie, Johan Loubser
13/02 Marie Wilders, Nelia Liebenberg, Clive Hunter, Chris Neethling, Martus Anthonissen
14/02 Anne Williams, Christel Esterhuyse, Benita Groenewald, Lindy Hall, Albie van der Merwe, Ethan Albrecht
15/02 Hanlie Roos, Johanette Louw, Ronel Oosthuizen, Jan van der Merwe, Madre Swart, Francois du Toit, Marlize du Preez, Graham Moolman, Marlize Saayman
16/02 Freddie van Dorp, Marihana Matthee, Marlize van Niekerk, Paul van der Merwe, Alet Wassüng, Jacomina Swart

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Kinders is lewende boodskappe wat ons die toekoms in stuur, na ‘n tyd wat ons nie self sal sien nie.
JOHN W WHITEHEAD

DANKSEGGING EN VOORBIDDING

1. Pieter en Isobel Gresse (Waboomstraat 8) het ‘n kleinkind ryker geword.
2. André Smuts en Sarien Conradie tree volgende Saterdag in die huwelik.
3. Ilse Rabie (Van der Heeverstraat 10) het ‘n knievervanging in Louis Leipoldt Hospitaal ondergaan.
4. Ons dink aan Lorette en Rahul, wat in Varanasi, Indië werk. Lorette se pa is baie siek in Beaufort-Wes.
5. Miemie Smith (Othello) sterk tuis aan na ‘n operasie.
6. Marissa Gobregts (Swarthoutstraat 26) se pa is oorlede.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Versoeke vir gebedsvoorbidding kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate: Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820).
2. Liedere Versoekboek: indien daar ‘n spesiale lied is wat jy graag wil hê die gemeente moet sing, skryf dit gerus in die versoekboek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. Die Mediasentrum is gedurende die skoolkwartale elke Sondag na die oggenddiens oop.
4. Lidmate is steeds welkom om tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Daar is tans veral ‘n behoefte aan mansklere, maar enigiets is welkom. Boeke en tydskrifte word ook benodig.
5. Ds. Hannes is die naweek af.

LEGKAART VAN HOOP

Ons wil almal aanmoedig om betrokke te raak by die “Legkaart van Hoop”- projek.

Die fondse word gebruik om die gemeente se getuienisaksies te befonds. Die aankoop van ‘n legkaartstukkie maak dit dus moontlik dat ons gemeente betrokke bly in God se werk.

‘n Legkaartstukkie kos R100.

Ons het die afgelope week 3 stukkies verkoop en die totaal is nou 313 van 2000.

BOERESPORT EN GEMEENTEBRAAI

Die JUNIOR KERKRAAD bied aan De Eike se BOERESPORT en GEMEENTEBRAAI.

Saterdag: 16 Februarie 2019

Die boeresport begin om 16:00. Spanne van 6 kan inskryf – die inskrywingsfooi is R60 per span, wat ‘n boereworsrol insluit vir elke spanlid.

Die vure vir die braai word om 17:30 aangesteek. Bring eie eet- en drinkgoed saam.

Kontak Elaine (084 624 4672) of Conrad (083 649 9894) vir meer inligting.

KOM GENIET DIE DAG SAAM AS GEMEENTE

DIE KERKKOOR BENODIG NOG STEMME

De Eike se kerkkoor het plek vir 'n hele paar mansstemme, tenore én basse.
As jy hier lees en weet jy het 'n sangstem en kan goed noothou, sluit asseblief Dinsdagaand 19:00 by ons aan in die kerkgebou. Dit sal vir jou 'n lewensverrykende ervaring wees én jy sal jou stem in diens van die Here aanwend.

Dames - soprane én alte, is netso welkom. Ons neem vanjaar in Augustus weer deel aan dieselfde Kerkkoorfees waaraan ons koor die afgelope jare met baie goeie gevolg deelgeneem het en kort daarná volg ons gemeente se Kerssangdiens. Kom word deel van 'n span baie besondere mense.
René Ferreira
Orrelis

OUERKATEGESE

Die maandelikse ouerkategese byeenkoms vind plaas vanaand na afloop van die aanddiens in die kerksaal. Dit duur ongeveer ‘n halfuur terwyl die senior kategese aan die gang is.

Die onderwerp is : SOSIALE MEDIA

Die sprekers is Mike Muller, ‘n onderwyser by Laerskool De Kuilen en Luzanne Pienaar, maatskaplike werker van die Jeugtrust wat werksaam is by Laerskool De Kuilen.

Ouers van laer- en hoërskool leerders en alle belangstellendes is welkom.

GETUIENISSONDAG

Sondag 24 Februarie 2019 is ons jaarlikse GETUIENISSONDAG waar ons fokus op ons gemeente se getuienisroeping. ‘n Paar bedieningsareas sal beklemtoon word.

Die Geloofbelofteofferfonds word ook weer geloods vir die nuwe jaar.

Dis belangrik dat ons ons visie om in Jesus se voetspore te leef, nie net na binne uitleef nie, maar ook na buite. Die Geloofbelofteoffers help ons om ons visie wyd uit te leef!

VOORSITTER GETUIENISAKSIE KOMMISSIE

Piet Rootman is nou al vir baie jare voorsitter van die Getuienisaksiekommissie. Hy wil graag ‘n ruskans neem.

Ons wil graag vir die gemeente vra of daar ‘n lidmaat is wat bereid is om voor te vat by dié kommissie. (Roep die Here dalk vir jou hiertoe?) Die kommissie is ‘n span wat baie lekker saamwerk.

SENIOR BURGER UITSTAPPIE

Senior Burger Uitstappie eerste kwartaal 2019

Die Bestuur van die Senior Burgerklub het op Dondermiddag vergader om die uitstappie vir die eerste kwartaal te beplan. Ons het soveel voorstelle van lede ontvang dat dit moeilik is om ‘n keuse te maak! Ons het besluit om eers die verskillende plekke te bel wat ons besig is om te oorweeg om verder uit te vind oor afslag vir senior burgers en groot groepe. Kostes is ongelukkig ‘n faktor – van die plekke wat ons geskakel het is baie duur! Die seniors sal dus ‘n bietjie moet wag voordat ons die uitstappie bekendmaak. Ons teikendatum is 13, 14, of 15 Maart 2019. Hou die spasie dop!

Johan Morkel

EIENDOMSKOMMISSIE

Die Eiendomskommissie vra mooi of daar nie dalk iemand is wat kans sien om as skriba van dié kommissie op te tree. Jy hoef niks van Eiendomme te weet nie, en net een vergadering per kwartaal by te woon. Kom help, asseblief!

UITREIKGELEENTHEID VIR KLEINGROEPE

Metro Evangeliese Sorg (MES) Kaapstad nooi gemeentes en kleingroepe om uit te reik na MES se oornagfasiliteit, die Safe Space, Bellville.

Groepe kan eenmalig, weekliks of maandeliks besoek aflê en ‘n ete deel saam persone wat by dié fasiliteit gehuisves word. Die uitreike vind elke aand plaas vanaf 19:00 tot 20:00.

Vir meer inligting kontak Anelle by 021 949 8736 of prcapetown@mes.org.za.

KINDERKERK – HULP BENODIG MET SANG

Ons is opsoek na nog mense wat kan sang aanbied wanneer die dominees die boodskap doen by die Kinderkerk. Ons doen die indeling lank voor die tyd, asook die liedjies, so daar is baie tyd vir voorbereiding, veral om die liedjies op die cd’s deur te luister. Riaan en Joelene Conradie, sowel as Riëtta Odendal behartig gewoonlik die sang, maar ons soek nog bereidwilligers om vir ons in te staan. Jy sal moontlik net een of op die meeste twee keer ‘n kwartaal ‘n beurt kry, afhangende van hoeveel mense aanmeld. Behalwe dat ‘n mens darem so min of meer moet kan noot hou, sal dit ‘n aanwins wees as die persoon ‘n lewendige, positiewe geaardheid het om sodoende die kinders aan te moedig om lekker deel te neem aan die lofprysing. Ons hoor graag van jou.

Riëtta Odendal, 082 9040950 of 0219034963 of r.odendal@mweb.co.za

HUIS DE KUILEN & HUIS SONOP

Huis De Kuilen en Huis Sonop is albei instansies met wie De Eike ‘n lang verhouding het en wat ons gemeentelede na aan die hart lê.

Ons het die volgende versoeke vanaf hulle gekry:

HUIS DE KUILEN – ten einde die inwoners sosiaal te laat verkeer, word speletjie-geleenthede vir hulle gereël met onder andere bordspeletjies. Rummikub is veral gewild. Hulle benodig egter nog ‘n paar Rummikub stelle om aan die aanvraag te voldoen. Indien jy ‘n stel by die huis het wat jy graag aan hulle sou wou skenk, bring dit gerus na die kerkkantoor.

HUIS SONOP – daar is ‘n dringende behoefte aan enkelbed beddegoed – lakens, duvetoortreksels en kussingslope. Indien jy kan help, bring na die kerkkantoor. Merk asb. duidelik dat dit vir Huis Sonop bedoel is.

PREEKSKETS 10 FEBRUARIE 2019

PREDIKER: DS. JOHAN MORKEL

TEMA: OMDAT DIE HERE SY KINDERS LIEFHET, SORG HY VIR HULLE

SKRIFLESING: JOH 15:1-8; JES 5:1-2; PS 1:3

Inleiding: God sorg vir sy kinders soos ons sorg vir ons blomtuine en groente-tuine en soos die wynboere sorg vir hul wingerde.

1. God se kinders is nie almal dieselfde nie, maar Hy is vir almal ewe lief!
2. As ons die Here om vergiffenis vra, vergewe Hy ons sondes.
3. Die Here sorg elke dag in ons lewens vir ons.
4. Die Here snoei en buig ons sodat ons meer vrug sal dra.
5. Ons maak die Here gelukkig as die vrug van die Heilige Gees in ons lewens is.